TIENERSELFOONKONTRAK

- Ek sal altyd my ouers se oproepe beantwoord. As ek ‘n oproep van hulle misloop, sal ek dadelik terugbel. As ek uithuisig is, weet ek dat ek ten alle tye my foon op my moet hê. Ek besef dat my veiligheid vir my ouers ononderhandelbaar is.
- Ek sal openlik oor my selfoongebruik wees. Ek sal my foon se wagwoorde neerskryf.
- Ek besef dat my ouers soms na my foon moet kyk as hulle vermoed dat daar probleme is of as ek geboelie word. My ouers besef ook dat ek op privaatheid geregtig is.
- Ek sal nie my selfoon tydens maaltye of gesinstyd gebruik nie.
- As ek saam met my vriende kuier, sal ek nie die foon gebruik om eerder met digitale vriende te gesels nie.
- Ek weet as ek met my skoolwerk besig is, is my selfoon nie daar vir vermaak nie.
- Ek sal nie onvanpaste foto’s vir ander stuur nie en ek sal nie e-posse of boodskappe stuur wat nie ouderdomstoepaslik is nie.
- As ek ontoepaslike boodskappe ontvang, sal ek dit nie aanstuur nie en verwyder of as dit ernstig is, vir my ouers wys om geskikte maatreëls te neem.
- As ek digitaal geboelie word, sal ek met my ouers gesels en hulp kry.
- As iemand my aanlyn ongemaklik laat voel, sal ek my ouers inlig.
- Ek besef dat my aanlyn teenwoordigheid my karakter weerspieël.
- Ek sal nie iets oor iemand aanlyn sê wat ek nie voor die persoon sal sê nie.
- Ek sal my skoolreëls eerbiedig en nie my selfoon in klastyd gebruik nie.
- Ek besef dis my verantwoordelikheid om my foon te laai en ook op te pas en nie van my ouers verwag om dit namens my te doen nie.
- Ek sal nie onverantwoordelik met my selfoon omgaan en buitensporige kostes aangaan nie. Ek en my ouers sal op lugtyd ooreenkom: ... per maand
- As ek die bogenoemde reëls oortree, besef ek my selfoon kan gekonfiskeer word en selfs permanent weggeneem word.

Ek erken dat ‘n selfoon ‘n voorreg en nie ‘n reg is nie. Ek sal dit verantwoordelik gebruik.

Tiener: _____ Datum: _____

Ouers: _____ Datum: _____